

Inhoud Hierdie preek wys wat beteken dit om ons kruis te dra. Dit is die nuwe manier waarop ons na die Tien Gebooie luister omdat die Here vir ons sondes gekruisig is. Ons dra ons kruis, omdat Hy vir ons gekruisig is. Christus gee die wet sy volle bedoeling deur sy kruisiging. Christus maak dat die wet weer vir ons wys hoe ons God moet liefhê binne die volle liefde van God waarin ons ingesluit is deur sy kruis. Die wet was nooit bedoel om God se kinders te veroordeel of te straf nie, maar hulle in die wysheid te lei hoe om lief te hê. Christus laat ons in sy geregtigheid deel om só vir God volkome reg te wees en reg te leef, deur ons geloof dat ons ingesluit is in Christus se geregtigheid. In die geloof dat ons vir God volkome reg is en reg leef, kan ons ons self weer aan die volle bedoeling van die wet verbind, al kan ons nooit self die volle bedoeling van die wet vervul nie. Wie hulle vir God self probeer regkry en reg leef, skep vir hulle geestelike reëls wat niks met God se wet te doen het nie.

Skriflesing Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27,28, 31,32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9

Teks Mat. 5: 48 “Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is”

Tema Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê.

1. Om jou kruis te dra is 'n nuwe manier van gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

Die Here wys in Matteus 16: 21 – 24 dat wie in Hom glo vir sy lyding en opstanding, die wet van die Here op drie nuwe maniere moet gehoorsaam. Hierdie drie nuwe maniere van gehoorsaamheid aan die wet van God noem die Here, 1. selfverloëning, 2. kruis opneem en 3. om die Here te volg.

Ons het gesien dat om Jesus te volg beteken om die Tien Gebooie te gehoorsaam somer net omdat God God is, somer net omdat God ons Vader is, nie om beloon te word of straf af te weer nie. Selfverloëning beteken God volgens sy wet lief te hê, omdat ons glo dat ons nooit die skuldige en onbekwame mens is wat God se wet ons voor uitwys nie.

Om jou kruis te dra, is nog 'n nuwe manier om God se Gebooie te gehoorsaam, omdat en deur ons geloof in Christus se lyding vir ons sonde.

2. Christus kondig in Matteus 16 vir die eerste keer aan dat Hy vir sy dissipels se sondes gaan ly en uit die dood uit opstaan. Voor hierdie aankondiging het hulle niks hiervan geweet nie. Volgens die Matteus evangelie het die Here dit drie keer spesifiek aangekondig terwyl hulle op pad was na Jerusalem. In die derde aankondiging in Matteus 20: 17 – 19 het die Here uitdruklik gestel dat Hy aan die heidene oorgelewer gaan word, om bespot, gegesel en gekruisig te word, en om dan op die derde dag uit die dood uit op te staan.

Met hierdie aankondiging stel die Here vir sy dissipels dat Hy vir hulle gekruisig gaan word. Omdat Hy dan vir hulle gekruisig gaan word, moet hulle dan hulle kruis opneem.

Hier het ons nou twee heeltemal verskillende soorte kruise! Die kruis wat die Here opneem en die kruis wat sy dissipels moet opneem. Die kruis wat die Here opneem is om vir hulle sondes vervloek te word. Dit is nie die dissipels se kruis nie. Dit is die Here alleen se kruis. Die kruis wat hulle moet opneem is gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

Kruis opneem is die uitdrukking waarmee die Here wys dat sy kruisiging hulle tot 'n nuwe tipe gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie gaan verbind, wat totaal anders is wanneer hulle die vloek van God vir hulle eie ongehoorsaamheid aan die wet moet dra.

3. Die verskil tussen hoe Jesus met sy kruis hul ongehoorsaamheid aan die wet dra en hoe hulle deur sy kruisiging op 'n nuwe manier aan God se Gebooie gehoorsaam gaan wees, stel die Here in Matteus 5: 17 en 20.

Die Here kondig aan dat Hy “gekom het”. Dit is die woorde wat wys dat Hy gekom het om vir ons te ly, bespot te word, gegesel te word, gekruisig te word en te sterf en uit die dood uit op te staan. Dit is die wyse waarop Jesus Christus na ons toe “gekom” het.

Deur só na ons toe te kom, het die Here nie die Tien Gebooie afgeskaf nie, maar hulle vervul. Dit word in die 1983 vertaling gestel as dat die Here aan die Tien hulle volle betekenis gegee het. Die kruisiging van Christus gee dus aan die Tien Gebooie hulle volle beteken in gelowiges se lewe. Dit is wat die Here doen deur die kruis wat Hy dra – om die Tien Gebooie te vervul. Vervul beteken dat die Here se kruis koud insluit in God se volle liefde. So maak Christus dat die wet jou weer wys hoe om God se volle liefde waarin jy ingesluit is, te leef. En dit is die volle betekenis van die wet – om jou die wysheid te gee hoe om lief te hê. God se wet was nooit bedoel as die wyse waarop Hy sy kinders sal veroordeel en straf nie.

Die kruis wat ons moet dra stel die Here só: “Ons geregtigheid moet aansienlik meer wees, as die geregtigheid van die skrifkenners en Fariseërs. Geregtigheid beteken gehoorsaamheid aan die wet van God. Ons geregtigheid moet so wees: ons moet volmaak toegewyd wees aan die liefde wat die wet ons wys net soos God die Vader ons volmaak liefhet. Mat.5:48.

Kruisdra beteken om volmaak lief te hê volgens die wet van God. Volkome liefde vir God is om God met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou krag lief te hê. Om jou naaste volkome lief te hê, beteken om hom of haar soos jouself lief te hê. Dit is al hoe liefde kan wees – volkome. Liefde wat nie volkome liefde is nie, is nie

liefde nie. Jy kan die Here nie net met jou hart en nie met jou verstand liefhê nie, of net met jou verstand maar nie met al jou krag nie. Net so kan jy die Here nie partykeer volgens sommige Gebooie liefhê nie. Jy het Hom volkome lief volgens al sy gebooie.

Die oomblik wanneer ons hoor ons moet die Here volkome liefhê, deins ons dadelik terug en probeer ons self van hierdie verbintenis met die Here verskoon. Om volkome te wees klink vir ons soos ons moet self foutloos en perfek wees, en ons weet ons is dit nie en kan dit nooit wees nie.

Volkome wees beteken egter heeltemal iets anders as om self foutloos te leef en alles perfek te doen. Volkome wees beteken om voluit lief te hê binne die volle liefde waarin ek ingesluit is.

4. Ons gaan vanoggend 'n voorbeeld gebruik om hierdie volkome toewyding in die liefde wat die wet vir ons wys, toe te lig.

Die voorbeeld is die wyse waarop 'n kind, seun en jongman rugby speel wanneer hy in die eerste span of die Springbokspan speel.

Die kinders! Julle speel van voorskool af met julle maats rugby in bulletjierugby en van kleinsaf leer julle mekaar se nukke en geite ken. Daar was so klein seuntjie met die nuk en geit om elke keer die bal te skop en nie uit te gee nie wanneer hy die bal kry. Ons het hom as Naas geken. Toe hy klein was, het sy maatjies vir hom geskree om die bal uit te gee, die ouers langs die veld het vir hom geskree en ook die afrigter. Hy het baie goed gespeel, maar hy het hierdie nuk en geit gehad: hy skop altyd die bal weg.

Toe hy in matriek was, het hy vir die eerstespan en vir die Cravenweek gespeel, maar hy het nog altyd hierdie nuk en geit gehad. Toe hy eendag 'n Springbok geword het, was hy die kaptein en het hy nog steeds hierdie nuk en geit gehad: hy skop wanneer hy moet uitgee.

Hoe dink julle het hy elke keer op die veld gedraf? Met hierdie houding, vandag gaan ek weer net skop en baie foute maak, of het hy met hierdie houding op die veld gedraf: ek gaan vandag voluit speel en alles reg doen volgens my afrigter en volgens die reëls? Hy het elke keer met die vasbeslotenheid opgedraf, ek gaan alles reg doen, nie 'n fout maak nie, volgens al die reëls reg speel en my hart uitspeel. Hy het elke keer met hierdie laaste houding op die veld gedraf en elke wedstryd met hierdie vasberadenheid gespeel, terwyl hy gesukkel het my sy nuk en geit, en baie foute gemaak het.

Hoekom het hy nooit só moedeloos geword dat hy opgegee het en besluit het om maar net so goed te speel as wat hy kan en nie meer voluit te speel nie? Hoekom

het hy nie maar opgehou speel omdat hy nooit kon speel sonder om foute te maak nie?

Want hy het altyd vir die eerste span gespeel. Wanneer jy vir die eerste span speel, speel jy altyd met hierdie houding: ek gaan voluit speel, ek gaan nie een fout maak nie en ek gaan alles vandag reg doen! Jou nukke en geite wat jou foute laat maak, kan nooit hierdie houding verander wanneer jy vir die eerste span gekies word en speel nie. Dit is jou trots om voluit te speel omdat jy vir die eerstespan speel!

5. Kom ons kyk nou weer na hierdie nuwe manier om die Tien Gebooie te gehoorsaam: om volkome lief te hê soos God jou volkome liefhet! Om voluit lief te hê met die ingesteldheid: “ek gaan alles volgens al God se Gebooie voluit doen!”

Christus maak ons God se eerstespanspelers met sy kruis! Dit is die kruis wat die Here vir ons dra! Die Here se kruis is om die vloek te dra van die sondes wat ons doen, ons sondige nukke en geite! Dit het ons in die evangelielezing in Galasiërs 3: 13, 14 gehoor: “Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring in deur in ons plek ’n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan ’n hout opgehang is.” Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het.”

God se woede, kwaadheid, grimmigheid en haat vir daardie nukke en geite waarmee ons altyd dieselfde sondes oor en oor doen, daardie vloek het Jesus met sy kruis gedra, en dit vir ons heeltemal wegvat. Só is God glad nie kwaad of woedend oor ons sondige nukke en geite nie. Dit is presies die teenoorgestelde – deur Jesus se kruisiging kry ons al God se seëninge wat Hy vir Jesus as sy gehoorsame Seun moes gee: ons kry God se volkome liefde, sy volkome genade, sy volkome barmhartigheid, sy volkome goedheid elke dag, die hele dag, al sukkel ons altyd met ons nukke!

Die kruis wat die Here vir ons sondige nukke en geite dra, maak dat ons altyd deel is van God se volle liefde. Dit is wat die Here met sy kruis vir ons doen: nie so bietjie liefde van God partykeer nie, maar sy volkome liefde altyd.

Dit is wat die woorde in Matteus beteken: ons Vader is volkome! Hy het ons volkome lief met ons nukke en geite deur die kruis wat Christus vir ons dra.

Dit is wat die Here stel: Hy het gekom om aan die wet sy volle betekenis te gee! Hy maak God se wet, die wet van God die Vader wat ons met al ons nukke en geite volkome liefhet, volkome genadig is, volkome barmhartig is en vir ons volkome goed is!

6. Christus se kruis maak ons baie meer reg vir God se liefde as mense wat hulle self vir God se liefde probeer reg maak.

Sy kruis maak ons God se eerstespan spelers! Die sin wat wys hoe ons ons kruis moet dra is: “Ons geregtigheid moet meer wees as die geregtigheid as van die skrifgeleerdes en Fariseërs!” Ons moet meer reg wees as mense wat hulle saak met God reg maak volgens sy wet vir God reg probeer leef volgens sy wet!

Hoe kan ons meer reg wees en meer reg leef as sulke mense?

Deur die kruis wat Jesus dra! Die kruis wat Jesus vir ons dra, maak ons vir die Here reg en die kruis wat die Here vir ons dra, laat ons vir God reg wees en reg leef, met al ons nukke en geite!

Water mense is die meeste reg? Hulle wat self reg probeer wees of hulle wat die Here vir Homself reg maak en reg laat wees?

Só is ons God se eerstespan spelers! Hy maak ons deur sy kruis vir Homself en sy liefde reg en laat ons lewe vir Hom volkome reg wees deur die kruis wat Hy dra. Ons kan en mag nooit hierdie kruis dra om ons vir God se liefde volkome reg te maak nie. Dit is Christus se kruis wat net Hy vir ons dra: Hy maak ons reg vir die volle liefde, genade, barmhartigheid en goedheid van die Vader. Só is ons baie meer reg as al die ander mense wat hulle self vir God se liefde probeer regmaak!

Mense wat hulle self vir God se volle liefde probeer regmaak, kan nooit sy eerstespan spelers wees nie, want hulle is nooit nie reg genoeg vir God se liefde nie.

7. Christus se kruis maak dat ons ons kruis dra om God voluit lief te hê!

Kom ons kyk nou weer na ons kruis: ons moet God voluit liefhê volgens al sy Gebooie! Ons moet volkome in ons liefde vir Hom wees soos sy liefde vir ons volkome is!

Dit is wat die Here in die bergrede vir sy dissipels wys: hoe hulle God en hul naaste voluit lief het omdat hulle in God se volle liefde leef. Voluit beteken om voluit met die regte liefde en die bedoeling van regte liefde besig te wees. Dit is wat die Here uitwys in die bergrede.

Voluit besig wees met die bedoeling van “jy mag nie doodslaan nie”, beteken om nie vir jou broer kwaad te wees oor sy sonde en met hom te versoen met die sonde wat hy teen jou gedoen het, omdat jy in die volle liefde van God leef.

Voluit besig wees met die bedoeling van die gebod “jy mag nie egbreuk pleeg nie” beteken om nie met jou hart of gedagtes egbreuk te pleeg nie.

Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê

Voluit besig te wees met die gebod “jy mag nie valse getuienis gee nie”, beteken om altyd betroubaar te wees en nie net in ’n hof onder eed nie.

Voluit besig te wees met die gebod beteken om nooit kwaad met kwaad te vergeld nie en sonder dwang diensbaar te wees.

Voluit besig wees met die wet van God beteken om elke naaste lief te hê, en nie hulle wat vir jou lief is nie.

Ons is voluit besig met die regte gebod se regte bedoeling omdat ons in die volle liefde van God as ons Vader leef: ons speel die spel van die lewe voluit omdat ons in God se eerstespan speel. Dit is net hoe ’n mens speel as jy in die eerstespan is: voluit die regte lewe met die regte bedoeling van die regte reëls. Dit is ons kruis wat ons dra omdat die Here die kruis van ons sonde dra.

8. En dan is daar iets soos die wynspan!

Die kinders! Dit is hoe party studente rugby op universiteite en kolleges speel – hulle speel wynspanrugby!

Wat is wynspanrugby? Dit is jongmense wat nie regte rugby wil speel en elke dag wil oefen om regte rugby te speel nie. Hulle speel net rugby om snaaks te wees en om na die tyd te gaan kuier. Dit werk só! Vrydagaand roep die sameroeper: “wie gaan vanaand vir die wynspan speel?” Dan kom almal wat niks te doen het nie en net lus is vir kuier, en hulle gaan speel wynspanrugby!

Hoe speel hulle? Vertonerig en kragdadig. Elkeen wat die bal kry, wys hoe baldadig hy kraglopies kan uitvoer, en terwyl hy so vertonerig speel, is hy sommer self die skeidsregter en sy eie afrigter, en maak hy sommer besluite en reëls op soos dit pas by sy vertonerige kraglopies. Niemand speel eintlik regte rugby nie want niemand wil of kan die kuns van die spel bemeester nie. Hulle speel nie om goeie rugby te speel nie. Hulle speel sommer net vir die lekker: lekker kragvertonings, lekker vertonerig en vir die lekker kuier na die tyd.

Die snaakse van hierdie wynspanrugby is dat hulle partykeer spelers kort, en dan kry hulle dan sommer een van die eerstespanspelers om vir die wynspan te speel. Dan gebeur die vreemdste ding met daardie eerstespan speler. Hy speel nie regte rugby volgens die regte reëls nie. Hy speel ook sommer net vertonerig, kragdadig en vir die kuier na die tyd.

Hoekom?

Want hy speel vir die wynspan, en as jy vir die wynspan speel, dan maak jy sommer jou eie reëls, is jy jou eie afrigter en skeidsregter, en speel jy net vir die snaaksigheid en gekuier. Jy speel nie meer voluit regte rugby nie.

9. Kyk 'n bietjie hoe maak die skrifgeleerdes en Fariseërs, die geestelikes van hierdie wêreld vir hulle 'n wynspankerk bymekaar. Hulle gaan roep sommer op straat vir almal wat lus is vir 'n bietjie godsdiens omdat hulle verveeld is en eintlik net geestelik wil kuier: kom speel saam wynspangodsdiens! En dan klink hierdie wynspangeestelikheid soos die Here dit in die Bergrede vir ons uitwys.

“Jy moet net nie iemand doodmaak terwyl jy wynspangodsdiens speel nie, maar dit is deel van die lekker om op mekaar te skree, vir mekaar kwaad te wees en redes te kry om met mekaar te baklei.”

“Jy moet net nie seks hê buite die huwelik nie, maar jy kan vertonerig en vermakerig flirt met baldadige kraglopies van jou lyf.”

“Jy moet net nie baklei en lelik met mekaar wees wanneer julle skei nie en nog goed oor die weg kom, maar jy mag skei vir enige rede.”

“Jy mag nie onder eed in die hof lieg nie, maar besigheid is besigheid, dan kan jy enige iets sê om geld te maak.”

“Wat reg is, is reg en wat verkeerd is, is verkeerd en ek staan op wat reg is en daarom vergeld ek alles wat mense teen my verkeerd doen.”.

“Ons het ons eie mense lief! En dit is hoe ver liefde gaan. Ander sal ons verdra as hulle hulle gedra!”

Die Here wys wat gebeur met hierdie wynspanreëls in Matteus 15: 8 en 9: “Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as Gebooie van God voor te hou nie.”

Al die godsdienstige reëls van hierdie wynspangeestelikheid is selfopgemaakte reëls wat niks met regte rugby en regte rugbyreëls te doen het nie. Dit is geestelikheid vir die lekker wat net niks met liefde vir God iets te doen het soos lief bedoel is om te wees nie.

10. Hoekom is geestelikes altyd besig om in die plek van God se regte gebooie altyd hulle eie geestelike reëls en eie lewensspel op te maak?

Want hulle speel vir die wynspan! En as jy vir die wynspan speel dan dra jy die verkeerde kruis. Hulle wil die kruis dra dat hulle nie goed genoeg is vir die regte lewe en die regte bedoelings van die lewe nie, sodat hulle nie gebind kan word aan die

Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê

swaarkry van die regte lewe en die regte bedoelings van die regte reëls vir die lewe nie.

Hulle wil die kruis dra om te sleg te wees vir die eerste span, sodat hulle net vir lekker kan speel en vir die kuier na die tyd. Daarom dra hulle die kruis om te sleg te wees vir God se volkome liefde! Want hulle wil nie gebind wees aan die regte liefde vir die regte lewe nie. Want dit is die kruis van voluit lief te hê!

Godsdiens moet lekker wees! Dit moet lekker wees om die Here te dien, dit moet nie swaar wees nie! Dit is die oproep wat al die geestelike sameroepers in kerke uitroep: kom speel vir God se wynspan! Sommer net soos jy is, sommer net vir die lekker!

Ons leef met die diepste misgissing in die kerk as dit gaan oor sondeskuld en sondeoordeel. Ons dink mense wil graag van hulle sondeskuld en die oordeel van sonde verlos word. Ons dink dat hulle die boodskap dat die Here vir hul sonde gekruisig is graag wil hoor en graag verlos wil word van hierdie kruis wat hulle moet dra: sondeskuld, sondeoordeel, sondevloek en die verwerping van sonde.

Dit is nie waar nie. Mense wil hierdie kruis dra en daarom wil hulle geestelikes hê wat vir hulle altyd vertel hoe sleg en verlore is. Want dan kan hulle vir God se wynspan speel – godsdiens net vir die lekker, met selfopgemaakte reëls waarmee jy jou geestelike krag kan vertoon en baldadig vertonerig geestelik kan wees! Net vir die geestelike geselligheid na die tyd!

Mense wil die kruis van hulle sonde dra sodat hulle hul eie geestelike lewe kan leef in die plek van die regte lewe met god in sy regte liefde en met volle liefde volgens die bedoeling van die regte lewe.

11. So?

Watter kruis dra jy?

Dra jy die kruis dat jy te sleg is vir God en die kruis van jou sonde? Hoekom? Want dit is die kruis wat die Here vir jou dra! As jy die kruis wil dra dat jy te sleg is vir God en jy jou eie sondeskuld, jou eie sondeoordeel, jou eie sondevloek en die verwerping van jou eie sondigheid wil dra, wil jy nie glo dat die Here hierdie kruis vir jou dra nie.

Hoekom nie?

Want godsdiens moet lekker wees!

Jy wil die kruis dra wat die Here vir jou gedra het, want jy wil in God se wynspan wees – geestelike vertonerigheid, geestelike baldadigheid, geestelike kragdadigheid, met ons eie geestelike reëls, terwyl ons sommer ons eie afrigter en skeidsregter in

Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê

die lewe is. Ons wil ons eie kruis vir ons sonde dra, want ons wil sommer eintlik net met God kuier en gesellig wees.

Want ons weet wat gaan gebeur as Hy die kruis van ons sonde dra! Dan gaan ons 'n nuwe kruis moet dra! Die kruis om in God se volle liefde vir God voluit lief te hê!

12. Wil ons met lekker geestelikheid besig wees, of wil ons sukkel met regte liefde?

Dit is nie wie ons as gelowiges is nie. Ons wil sukkel met die regte liefde soos liefde bedoel is om liefde te wees. En dit doen ons voluit! Ons wy ons self ten volle aan liefde soos liefde regtig bedoel is om te wees. Ons wil hierdie kruis dra! Ons wil met hierdie gesukkel besig wees, want dit is ons trots omdat ons in God se volle liefde leef.

Ons kruis wat ons mee wil sukkel is om God en ons naaste voluit lief te hê omdat ons in die volle liefde van God leef wat Christus vir ons bewerk en by insluit deur die kruis wat Hy vir ons dra.

Ons wil nie sy kruis dra nie! Ons wil nie die oordeel dra dat ons God se wynspan is nie, want God het nie 'n wynspan nie. Christus dra die kruis van ons vernedering en oordeel om ons vir ewig in God se volle liefde te laat leef – sy eerstespan.

Daarom is ons ook nooit met lekker geestelikheid besig nie. Ons is nie vertonerig, kragdadig en baldadig geestelik met ons selfopgemaakte reëls, wat niks meer met die bedoeling van liefde te doen het nie. Ons is ook nie ons eie afrigter en skeidsregter nie.

Hierdie lekker geestelikheid wat nie meer sukkel met regte liefde nie, word vandag deur geestelike leiers bedryf in die Naam van Jesus. Hulle maak van die kruis wat Jesus gedra het, sy lyding en sterwe, die nuwe maklike wet van God. Jy moet volgens hulle net soos Jesus wees en maak, soos Hy in sy lyding en opstanding gemaak het. Jy moet eers jouself kamstig soos Jesus met sy kruis minag, verneder, verkleineer en ontken. Daarna moet jy so innig, so grensloos, so akkommoderend, so identiteitsloos soos Jesus wees as die nuwe manier van liefde wat die wet van God vervang. Deur Jesus se kruis te dra, hoef jy nie meer jou kruis te dra om die volle bedoeling van liefde volgens God se wet, voluit te onderhou nie.

Ons is volkome soos ons Vader volkome is: ons leef deur Christus in sy volle liefde en ons het Hom voluit lief volgens die regte bedoeling van sy wet. Ons is nie lekker geestelik soos Jesus kamstig was nie.